Kampkook (b)

Graad 6

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Te leer hoe om higiënies in die veld kos te maak.
2. Die waarde van beplanning aan te leer.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. 'n Veilige vuur kan maak en blus, daarom moet hy deeglik kennis dra van die volgende:
   - waar dit veilig en onveilig is om 'n vuur te maak.
   - watter veiligheidsmaatreëls getref moet word voor die vuur gemaak word.
   - watter houtsoorte geskik is vir vuurmaak.
   - wat die nadeel van groen hout is.
2. Minstens twee maniere ken om 'n vuur aan te pak, asook die voor- en nadele van elk van die metodes ken.
3. Kennis dra van die veilige gebruik van 'n gasstoof:
   - weet hoe om 'n gasstoof aan te steek en toe te draai.
   - bewus wees van die moontlike gevare van 'n gasstoof.
   - in staat wees om die kookplaat op ‘n gasbottel vas te draai.
4. Basiese kennis hê van kos wat in die veld gemaak kan word:
   - weet watter kossoorte maklik sonder ‘n yskas kan bederf.
   - weet hoe om die kossoorte in die veld te berg.
   - weet wat om saam te neem om kos higiënies in die veld te kan voorberei.
   - in staat wees om 'n maaltyd, wat in die veld gemaak moet word, te beplan.
   - 'n inpak lysie kan saamstel van voorraad en kombuisgerei wat saamgeneem moet word.
5. Die kind moet een van die volgende hoofgeregte op 'n oop vuur kan voorberei:
   - potjiekos maak vir ses mense.
   - wors en stokbrood gaarmaak.
   - 'n nagereg voorberei (verpligtend)
6. Die kind moet weet hoe om brandwonde te behandel:
   - 'n eerste graadse brandwond van kookwater.
   - 'n brandwond veroorsaak deur 'n warm kool.
   - 'n brandwond veroorsaak deur byvoorbeeld kokende pap.
7. In staat wees om die ete netjies op te dien en aan te bied.
8. ‘n Tafelgebed met vrymoedigheid kan doen.
9. Alles na die tyd skoonmaak, opruim en weer inpak.
10. Moet weet wat met afval produkte gedoen moet word.

C AANBIEDING

1. Vereiste 1 tot 9: Spreek vanself.
2. Vereiste 10: Bespreek die noodsaaklikheid van die korrekte verwydering van afvalprodukte. Herwinning van afvalprodukte kan ook bespreek word.
3. Ons kan hier 'n tegniek volg om aan die kinders te bewys hoe belangrik die inwin van kennis en vooraf beplanning vir ‘n projek is.